KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756
Facebook: NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
Webblad: suidpuntngkerk.co.za

BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



Gelukkige verjaardag

George	Conradie	09/06
George	Moolman	09/06
Suzanne	Botha	09/07
Marie	Pienaar	09/08
Sarina	vd Westhuizen	09/08
Tienie	Pienaar	09/09
Jess	Stelma	09/09
Eliz	Odendaal	09/10
Esther	van As	09/10
Jerome	Daries	09/11
Alta	Marais	09/11

Straatwerk.

Hoe lyk dit, wie kan 2 - Minuut noedels (of is dit dan nou 3 - Minuut-noedels en/of Cup - A - Soup skenk? Dit kan Di. tot Do. van 08h00 - 12h00 by Erna by die Kerkkantoor afgegee word.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

BULLETIN

6 September 2026

WELKOM!

EREDIENSTYE 06/09
09h30 L'Agulhas
Kategese
Sinodale Kollekte
Bediening aan die Dowes
Maandag
10h00 Projekte en Funksies
Donderdag
11h00 Kommunikasie
Vrydag
07h30 Mannebybelstudie
09h00 All Pay

Sondag 13/09
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Sinodale Kollekte
Studentebearbeiding

LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD op die Kerkraadsvergadering van 1 September 2026:
Ouderling Alfablok: Bill Skinner
Diaken: Seesaligblok: Gusta Smit

Raad vir ekologies sinvol leef.
In Engels word dit die drie "R'e" genoem: Reduce, reuse, recycle. Vandag staan ons stil by die tweede een, te wete herbruik. Glashouers waarin konfyt gekoop is, kan herbruik word en so ook plastieksakke. Dit werk ons weggooi-kultuur teë.

DANKIE VIR:

1. Val Bothma wat Sondag se nagmaalblomme gedoen het.
2. Almal wat hard gewerk het vir die hoender-braai. Spesifiek ook vir die vroue wat opgeskep het: Elsabé Meyer, Marietjie Bruwer, Elretha Joubert, Maggie Boshoff en Liana Viljoen.
3. Lida Rossouw se moeite met die Jeugfunksie.
4. Almal wat ons gemeentefunksies ondersteun.
5. Gebaretaal wat amptelik die 12de taal van Suid - Afrika geword het.
6. Almal wat so fluks help WILDSVLEIS pluis het en help kos voorberei vir die basaar.
7. Geseënde Bybelstudies.
8.. Dankie vir al die gebede vir ons Kerkraads-vergadering. Dit was geseënd.

80 - Plussers Tee

Op Woensdag,16 September, word al ons 80 - Plussers met hulle gades uitgenooi na 'n tee om 10h30 in Struis-baaikerk. Dr. Marianna Pietersen is die gasspreker. Sy praat oor Tyd-lose Brein-gesondheid. RSVP teen 9 Septem-ber om te bevestig of u dit sal bywoon. Kon-tak-persone is: JAKKIE - 0823794342, Kerkkantoor - 0284356789, Tertius Groenewald - 0827732437
Kontak asseblief vir Bernie Badenhorst (0836275912) of Kobus Smith (084 240 6891) as jy VERVOER benodig. Daar gaan 'n lewendige BOERE-ORKES wees met Anton, Kobus & Pieter. KOM! Ons wil julle BAIE graag bietjie bederf.

Teksvers: Lev19 vers 14
Uit eerbied vir jou God mag jy nie 'n dowe vloek of 'n hindernis in die pad van 'n blinde lê nie. Ek is die Here.

Ons bid vir...

1. DOWES -
* VIR geestelike groei.
* Dat dowe mense vir Jesus sal leer ken.
* Gemeentes (Familiekerk in Worcester, De la Bat Gemeente in Bellville) en persone wat dowes bedien.
* Oplei van meer tolke.
* Dowe persone se families.
* Hulp vir mense met gehoorgestremdheid.
* Menswaardige hantering van dowes.
2. Ons BASAAR.
3. Die Agulhaswyke se blokbyeenkoms.
4. Die 80 - Plusserstee.
5. Mense wat in moeilike omstandighede verkeer
6. Geloof en vertroue.

KARAOKE—Hou jy van die 60s, 70s, 80s se musiek? Ondersteun dan asseblief ons KARAOKE wat op 23 Oktober plaasvind in Struisbaaikerk.18h00. R50 per persoon. Afrikaanse liedjies moet sommer nou al deurgegee word, asseblief. Bel of WhatsApp jou lied se naam en kunstenaar se naam vir Joanie by 072 5193170 as jy gaan deelneem. Alida en Mat moet dit dan soek en laai. Engelse musiek is makliker bekombaar.
Bring die familie en vriende!

Vir ons kinders

MINUTE - TO - WIN - IT

Wat 'n prettige Jeugfunksie! 18 Jeugdiges het opgedaag en hulle het dit baie geniet. Graad 5 tot matriek is wyd en syd genooi na hierdie gratis speletjiesdag en saamkuier. Myra Malan het die opvallende plakkaat saamgestel en Lida Rossouw, ons Jeugleier op die Kerkraad, het alles beplan en uitgevoer. Om twee teesakkies wat weerskante van 'n kep hang binne een minuut tot bo-oor die kep se rand te swaai, kan net 'n uitdaging wees! Om nie te praat van die 30 diertjies wat binne 'n minuut in die houer by hulle voete gegooi moes word nie - Noag se ark. Dan was daar nog die verlore skaap - Marshmallows wat met 'n strooitjie opgesuig en weer in die holtes van 'n bakpannetjie laat los moes word. Alles in net een minuut. Daar was ander speletjies en aksies ook. So leer die kinders mekaar spelenderwys ken en Lida se idees raak nooit op nie!

BRING DIE BLIKKIES

GROOT asseblief. ALLE blikkies, van koeldrank, bier, koffie tot baked beans...Gee dit asseblief by die kerk af, gemerk ANNAMARIE JUDD /MARIETJIE BRUWER. Die inkomste daaruit gaan vir 'n baie spesiale doel. Ons sê DANKIE.

Doen & Deel

DOWE KELNERS

Stel jou voor jy kan glad nie hoor nie. Nie een enkele klank nie. Toe ontmoet jy 'n meisie op universiteit wat ook nie kan hoor nie. Jy is doof grootgemaak in 'n dowe familie. Die meisie het eers in die laerskool doof geword as gevolg van 'n siekte. Hoe op dees aarde gaan julle kommunikeer? Dit is wat met Johan en Anri gebeur het. Johan, synde dowe ouers te hê, het vir Anri die Suid - Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) aangeleer. 'n Eenvoudige handgebaar en 'n gesigsuitdrukking kan meer emosie oordra as 'n duisend woorde! Johan en Anri is later getroud. Hulle het 'n koffiewinkel begin en wie stel hulle aan? Net DOWE KELNERS! Die mense wat daar kom koffie drink het, het gou-gou geleer hoe om koffie te bestel in gebaretaal. So het twee wêrelde nader aan mekaar beweeg. Die wêreld van die dowe en die wêreld van die horende. Met gebaretaal maak jy gebruik van handgebare, lyfbewegings en gesigsuitdrukkings in plaas van die gesproke woord. Net interessantheidshalwe - Het jy geweet dat:
1. Daar 70 miljoen mense in die wêreld is wat gebaretaal gebruik?
2. Ongeveer 90% van dowe kinders se ouers wel kan hoor? Baie gesinne leer gebaretaal suksesvol aan en dan gebruik hulle gebaretaal saam.
Ons neem vandag 'n SINODALE KOLLEKTE op vir DOWES

Doen & Deel

KERMIS OF BASAAR?

Die woord KERMIS kom uit Nederlandse "kerk" en "mis" (Katolieke kerkdiens). In Afrikaans verwys 'n kermis na 'n mark of fees, dikwels as fondsinsameling vir die een of ander barmhartigheidsaak. By 'n kermis is daar gewoonlik kos, speletjies en vermaak. 'n BASAAR verwys weer gewoonlik na 'n verskeidenheid stalletjies wat handgemaakte produkte, kos en drinkgoed insluit. As jy graag wil sien wat ons by SUIDPUNT GEMEENTE op 'n basaar doen, kom kyk Saterdag 26 September. Die deure maak al 08h30 oop. Dit word by STRUISBAAIKERK gehou. Jy kan kontant of met 'n kaart betaal.
Die kombuisspan is al aan die voorberei aan Wildpasteie en afval. Hulle gaan nog lasagne en lewerkoekies ook bak. Verder is daar hoenderpasteie, pannekoeke, jaffels, vetkoek, poeding, koek, tert, boeke, wit olifante en 'n opwipwinkel in die konsistorie waar tweedehandse klere, skoene en juwele verkoop gaan word. Party items se winkelpryse hang nog aan hulle!
Dankie vir boeke, goedere vir die witolifanttafel, klere, skoene en juwele wat alreeds ontvang is. Julle kan maar nog gee, as julle kan. Alles is welkom. Gee dit net by die KERKKANTOOR af, Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00.

KOOR

Ons oefen van Donderdag af weer vanaf 15h30 in die STRUISBAAIKERK. Kom sing saam. Kontak Christa - Marie (082 556 2850) of Karin Michau (072 347 6568).